



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2013

AFRIKAANS HUISTAAL V1

PUNTE: 70

TYD: 2 uur



* A F R H L 1 *

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

2. AFDELING A: Leesbegrip (30)
AFDELING B: Opsomming (10)
AFDELING C: Taal (30)

3. Lees ALLE instruksies versigtig deur.
4. Beantwoord AL die vrae.
5. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
6. Trek 'n streep ná elke afdeling.
7. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: RUBRIEK EN SPOTPRENT**

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS 1: RUBRIEK**SES VAN DIE BESTES**

1. *Ons het Dana Snyman gevra of hy meer lyfstraf werk as afskrikmiddel.*
2. Sal dit help as lyfstraf weer in skole toegepas word? Sal 'n leerling dan twee keer dink voordat hy 'n onderwyser vloek of met 'n skêr of 'n mes dreig, soos deesdae gebeur? Sal meer kinders dan betyds elke dag by die skool opdaag? Sal minder van hulle druip?
3. Lets binne my wil graag glo minder slegte dinge sal gebeur in 'n skool waar daar lyfstraf is. Kinders sal beslis nie 'n skoolhoof onder klippe steek en wegjaag nie, soos by daardie skool in Kruispad vroeër vanjaar.
4. In ons skool sou jy gróót moeilikheid gekry het as jy dit net sou waag om terug te praat wanneer 'n onderwyser met jou geraas het. Dit was in die jare sewentig. Ons het toe nog slae gekry.
5. Ons was nog die boompies wat gebuig moes word terwyl ons jonk was. Dít is wat meneer Van der Schyff, ons hoof, graag op 'n Maandagoggend in die saal gesê het.
6. Tot taamlik onlangs het ek gedink daardie woorde kom uit die Bybel, maar dit kom nie uit die Bybel nie. Dit is maar net 'n ou spreekwoord.
7. Meneer Van der Schyff en die ander onderwysers het wel soms die Bybel tot 'n venoot van die rottang verklaar.
8. Ek sien nou nog hoe staan oom Ben, ons koshuisvader, saans in die eetsaal, met die Bybel in die hand. Dan het jy sommer geweet sy skoene gaan die een of ander tyd suutjies in die koshuis se gang af gesjiet-sjiet-sjiet kom.
9. Dit was nooit moeilik om 'n rede te kry om 'n koshuiskind te slaan nie. Jou kas of kamer kon nie netjies genoeg gewees het nie. Of jy het iewers 'n lawaai gemaak wanneer jy nie moes nie. Of jy was laat vir ete of studietyd.
10. Al ons onderwysers het met 'n rottang geslaan, behalwe Cosec, wat vir ons wiskunde gegee het, en Spyker, die houtwerkonderwyser. Cosec het met 'n bordpasser geslaan. Spyker, weer, het met Buks geslaan, 'n plank wat hy aan die een kant smaller geskaaf het sodat hy dit stywer kon vasvat.

11. Oom Joggie Rossouw, ons Afrikaans-onderwyser, is die enigste een wat nooit geslaan het nie. Maar selfs hý het hom een keer vir Barries Barnard vererg en hom 'n oorveeg gegee. Barries het grappies gemaak terwyl ons op die rugbyveld gedril het. Oom Joggie, wat in beheer van ons peloton was, het op Barries afgestorm, hom geklap, en vir hom geskreeu: "Het jy dissipline, hè? Wat gaan van jou word?"
12. Enkele van die onderwyseresse het ons – die seuns sowel as die meisies – soms op die hand se palmkant geslaan. Met 'n liniaal.
13. Party onderwyseresse het die ernstige moeilikhedmakers na meneer Van Deventer gestuur, sodat hy ons kon slaan. Dit het maar min gebeur, want niemand wou deur hom geslaan word nie. Party kinders het gesê hy "slaan vir die polisie". Destyds kon die hof nog jeugmisdadigers vonnis tot byvoorbeeld ses houe met 'n ligte rottang, en meneer Van Deventer het glo daarmee gehelp.
14. Die onderwysers het eintlik maar baie willekeurig te werk gegaan met die uitdeel van lyfstraf, as 'n mens nou daaroor dink. Of was daar dalk die een of ander handleiding van Die Departement wat aan hulle voorgeskryf het hoeveel houe jy vir watter oortreding moet kry? Ek twyfel.
15. Meestal het jy drie houe gekry. Of ses. Ses van die bestes.
16. Spyker het jou dadelik geslaan, direk na 'n oortreding. Ander onderwysers het jou laat wag vir jou pak slae. Oom Ben was een van hulle.
17. Oom Ben sou in die studiesaal se deur kom staan en 'n paar van ons se vanne uitroep. Jy het van jou stoel af orent gekom. Opeens was jy intens bewus van jou liggaam. Jou maagspiere was styf gespan, die sweat het op jou handpalms uitgeslaan, jou ore het warm geraak. In 'n ry het julle dan agter oom Ben aan na sy kantoortjie gestap.
18. Dan sou jou beurt kom om by die kantoortjie in te gaan en dan het die jong boompie sommer vanself voor oom Ben gebuig.
19. Iets in my wil glo lyfstraf kan help om die orde in party skole te herstel. Vir my was dit beslis 'n afskrikmiddel, ek was vrekbang vir slae. Maar iets binne my wil ook teen lyfstraf rebelleer, veral as jy weet jy is baiekeer verniet geslaan.
20. Glo ek nie maar net aan lyfstraf omdat ek grootgeword het in 'n kultuur en in 'n land waarin geweld nog altyd as oplossing vir party probleme beskou is nie? Ek weet nie!


[Aangepas uit *Die Burger*, 30 Oktober 2012]

VRAE

- 1.1 Noem TWEE dissiplinêre probleme wat die skryf van hierdie artikel geregverdig het. (2)
- 1.2 Verduidelik hoe die sewentigerjare se hantering van dissiplinêre probleme verskil van die moderne tyd. (2)
- 1.3 Verklaar die geslaagdheid van die idioom in paragraaf 5 in die lig van die hele artikel. (3)
- 1.4 Wat beteken dit dat die Bybel tot vennoot van die rottang verklaar is? (par.7) (1)
- 1.5 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks.
- Die koshuisvader was daarop uit om leerders uit te vang.* (2)
- 1.6 Dink jy dit wat destyds tot 'n pak slae aanleiding gegee het, is regverdig? Verduidelik jou antwoord. (2)
- 1.7 Waarom kan beweer word dat daar tog 'n gemoedelike gees tussen leerling en leerkrag oor die hele pak kry kwessie bestaan het? (2)
- 1.8 Hoe weet jy die leerkragte was geheg aan hulle tugroedes (tugvoorwerpe)? (1)
- 1.9 Hoekom kan die Afrikaans-onderwyser se strafmaatreëls nie as lyfstraf binne die konteks van die leesstuk beskou word nie? (3)
- 1.10 Dui aan en verduidelik of die stelling "*Van Deventer het glo daarmee gehelp*" 'n FEIT of 'n MENING is. (2)
- 1.11 Dink jy daar was reëls oor die toediening van lyfstraf in skole destyds? Motiveer. (2)
- 1.12 Watter fisiese reaksie het lyfstraf destyds op 'n jong gemoed gehad? (3)

EN

SPOTPRENT



[Uit: *Laat daar lig wees*, Fred Mouton]

- 1.13 Waarom is die spreker se woorde ironies in die lig van die spotprent? (1)
- 1.14 Hoe sluit die spotprent by die leesstuk, "Ses van die bestes" aan? (2)
- 1.15 Met watter dissiplinêre implement sal jy nie mee getugtig wil word nie? Motiveer hoekom nie. (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming van die SEWE moet-sien-plekke wat 'n mens wat Pécs in Hongarye besoek op jou lysie moet hê.

- Jou opsomming (puntsgewys of paragraafvorm) moet in jou eie woorde, in volsinne, aangebied word.
- Die opsomming mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.

Klink 'n glasie op Hongarye

Die mense van Hongarye is gasvry en hulle gaan uit hulle pad om toeriste welkom te laat voel. Pécs, uitgespreek as "paych", is naas Boedapest die mooiste dorp in die land. Pécs is in die suide geleë en word onwillekeurig met Stellenbosch vergelyk. Die rede hiervoor moet beslis die asemrowende wynlande wees wat beslis besoek moet word, al drink jy nie huis wyn nie.

Hongarye se eerste universiteit is hier gevestig en dit is vandag steeds die grootste universiteit met meer as 34 000 studente. Gaan beleef wat dit is om 'n sorgvrye student te wees.

Pécs is ook bekend vir sy sop en brood restaurant. Hulle pampoen-en-druwe-sop is beslis 'n kulinêre ondervinding, veral as dit saam met rogbrood geniet word. Die gesogte dis is bekostigbaar en jy sal ook nog 'n heerlike bottel wyn daarmee saam kan geniet.

Daar is 'n magdom boekwinkels en horlosiemakers. Dis die moeite werd om te sien hoe vakmanne die tydsmechanismes aanmekaar sit en jou te verbaas in hoe spotgoedkoop jy 'n horlosie kan koop. Wees pro-aktief en koop sommer vir Ma en Pa en Boetie en Sussie ook een, want sulke winskopies vra om gekoop te word.

Oral is klein standbeelde op onverwagte plekke. Hulle skuil in dorpspleine se hoekies, in klein agterstraatjies en op sypaadjes, so asof hulle lank gelede 'n nagedagte van iemand was. 'n Mens is gewoonlik verstom as hy al die miniatuur standbeelde raakloop, want in Suid-Afrika is Durban se "mini town" seker die naaste wat jy daaraan sal kom.

Dié plek is ook die porselein hoofstad van die wêreld. Zsolnay-porselein het 'n spesiale afwerking wat anders is as gewone porselein. Dit was interessant om te sien dat baie mure daar met Zsolnay-porseleinteëls versier word. Pécs het in 2010 die titel as Europa se kultuurhoofstad met Essen en Istanboel gedeel. Dit het geweldige vernuwing in die stad teweeggebring en nuwe kultuursentra, konsertsale en selfs 'n reusebiblioteek is gebou. Ervaar hoe die historiese dorpskern opgeknap en vir motors gesluit is. Jy het lanklaas so 'n voetgangersvriendelike plek teëgekom.

Jy sal beslis nie onaangeraak van die plek terugkeer nie!

[Aangepas uit: *Vrouekeur*, 2 November 2012]

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: STROKIESPRENT EN WENKE**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Lammerliefde is g'n speletjies nie


1. Ek was 12 toe ek na die eerste van vele garage-sokkies genooi is. Ja, standerd 5 rond ... Met 'n bewerige stem, loerie-kuifie en 'n Bad Boy-T-hemp. 'n Swart een wat die soutpanne onder my oksels verbloem het.
2. Die "girls" het in trossies van vyf opgedaag. Elkeen met 'n glimlag wat gehunker het na onvolwasse liefde. Probleem was, ons ouens het in een hoek op en af gespring en die meisies het buite om die swembad gestaan en koer oor een van ons se ouer broer wat iewers in Oos-Londen op 'n hokkietoer was.
3. Ruk en rol by die party was goed en wel, maar die aand se klimaks was Marie van Roxette se "Fading like a flower". Tienerwoede het dan sommer ook "gefade", want die liefde was ryp.
4. Die ouens het dan moed bymekaargeskraap om uiting te gee aan lammerliefde en die meisie van hul drome gevra vir 'n stadige dans. Hoe langer, hoe beter! Hel, jy sal nooit weer so verlief wees nie!
5. Kyk maar watter emosies spring jou hart vandag binne wanneer jy 'n Roxette-treffer hoor. Dit is as't ware epies.
6. Ons het so 'n tydjie gelede Roxette in lewende lywe gesien. Marie het gerock. Hoewel sy heelwat ouer en nie meer honderd persent mobiel is nie, het die tannie weer ou gevoelens wakker gemaak.
7. Ek moet bieg, ek is verlief op haar. Juis vir die gevoelens wat sy in my aangewakker het toe ek en liefde nog lig vir mekaar geloop het. 'n Eenvoudige "hartklopping" en 'n glimlag!



[Aangepas uit: *MyTyd*, 4 November 2012]

- 3.1 Die eerste woord in die opskrif is op 'n bekende spreekwoord gebaseer. Skryf die spreekwoord wat na kinderliefde verwys, neer. (1)
- 3.2 Skryf 'n voorbeeld van 'n nuutskepping uit paragraaf 1 neer. (1)
- 3.3 Gebruik die onderstreepte woord in paragraaf 2 in 'n ander betekenis in 'n sin. (1)
- 3.4 Verduidelik waarom die onderstreepte sin in paragraaf 3 'n veelvoudige sin is. (1)
- 3.5 Brei die onderwerp van die eerste sin in paragraaf 4 met 'n bepaling uit. (1)
- 3.6 Herskryf die laaste sin van paragraaf 4, maar begin met *Hel, nooit ...* (1)
- 3.7 Benoem die skryfteken in die onderstreepte woord in paragraaf 5. (1)
- 3.8 Skryf 'n onvoltooide deelwoord in paragraaf 6 neer. (1)
- 3.9 Hoe sou 'n verklarende woordeboek die woord *mobiel* in paragraaf 6 omskryf het? (1)
- 3.10 Die onderstreepte woord in paragraaf 7 is 'n voorbeeld van 'n ...
 A samestelling.
 B afleiding.
 C samestellende afleiding.
 D skynsamestelling.
- Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer neer. (1)
[10]


VRAAG 4: STROKIES

Lees die onderstaande strokies en beantwoord die daaropvolgende vrae.




Stoffel 1**2****3****Mama Taxi 1****2****3****Hägar 1****2****3****Groterige 5****1**


DIE GESKIEDENISKANAAL WAS IN 'N STADIUM RELEVANT...

**2**

...MAAR NU IS DIT VASGEVANG IN DIE VERLEDE.

**3**

EN DIE GESKIEDENISKANAAL HERHAAL PROGRAMME.



- 4.1 Verwys na *GROEI/PYNE*.
- 4.1.1 Word die woorde *stuk* en *tafel* in raampie 1 denotatief of konnotatief gebruik? (1)
- 4.1.2 Watter rol speel die leestekens in Ma se woorde in raampie 1 om haar gesigsuitdrukking te regverdig? (2)
- 4.1.3 Wat is die geïmpliseerde betekenis van Pa se woorde in raampie 2? (1)
- 4.2 Verwys na *STOFFEL*.
- 4.2.1 Benoem die sinstipe wat op die kennisgewingbord voorkom. (1)
- 4.2.2 Skryf die vergrotende trap van die onderstreepte woord in raampie 2 neer. (1)
- 4.3 Verwys na *MAMA TAXI*.
- 4.3.1 Die spreker in die laaste raampie bedoel dit letterlik. Verduidelik wat sy woorde op figuurlike vlak beteken. (1)
- 4.4 Verwys na *HÄGAR*.
- 4.4.1 Skryf Hernia se woorde in die eerste raampie in die ontkennende vorm. (1)
- 4.4.2 Gee die korrekte afkorting vir die onderstreepte woord in raampie 3. (1)
- 4.5 Verklaar die ironie wat in die LAASTE strokie voorkom. (1)
[10]

EN

VRAAG 5: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.



1 NUWE BANKNOTE

So **uniek** soos Nelson Mandela self

2 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank reik met trots nuwe banknote uit. Om die nuwe kenmerke te kan herken, moet jy net oplet na hoe dit lyk, voel en kantel.

3 VOORKOMS

Nelson Mandela het die grootste deel van sy lewe opgeoffer sodat ons 'n beter toekoms kan hê. Wanneer jy die nuwe banknote teen die lig hou, behoort jy die volgende te sien:

WATERMERK: 'n Skadubeeld van Nelson Mandela verskyn aan die linkerkant.

DIER: Die dier agterop is deurskynend, wat 'n kenmerk van die nuwe banknote is.

4 GEVOEL

Nelson Mandela se integriteit het ons almal geraak. Wanneer jy die nuwe banknote vashou, behoort jy die volgende te voel:

TEKSTUUR: Daar sal 'n tasbare, verhewe tekstuur oor die beeld van Nelson Mandela, die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die landswapen wees.

5 KANTEL

Nelson Mandela het bewys dat verandering moontlik is. Wanneer jy die nuwe banknote kantel, behoort jy die volgende te sien:

SEKURITEITSDRAAD: Die sekuriteitsdraad sal verander na gelang van die kleur van die banknoot. In die sekuriteitsdraad kan die syfer, die landswapen asook die woorde "SARB" en "RAND" gesien word.

KLEURVERANDERENDE INK: Die nommer regs onder op die R10 en R20 het

kleurveranderende ink, terwyl die R50, R100 en R200 SPARK

kleurveranderende ink het wat 'n rolstaaf-effek het.

6



South African Reserve Bank



- 5.1 Skryf die verkleinwoord van die onderstreepte woord in paragraaf 1 neer. (1)
- 5.2 Wat is die antoniem van die donkergedrukte, kursiewe woord in paragraaf 1? (1)
- 5.3 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 2 in die lydende vorm. (1)
- 5.4 Dink jy dis 'n geslaagde advertensie? Motiveer jou antwoord met TWEE gepaste redes. (2)
- 5.5 Skryf die infinitief in die tweede paragraaf neer. (1)
- 5.6 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 3 in die teenwoordige tyd. (1)
- 5.7 Wat is die funksie van die dubbelpunte in die advertensie? (1)
- 5.8 Skryf die bepaler van die onderstreepte samestelling in paragraaf 4 neer. (1)
- 5.9 Waarom kan die slagspreuk in die laaste paragraaf, *One of a kind* in suiwer Afrikaans met *Enig in sy soort vertaal word*? (1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70